

12 Junie

Skrifgedeelte: Lukas 5:1-11

Fokusgedeelte: Lukas 5:10

Hoor, doen en sien – Jesus Christus maak jou ’n geseënde visser

Die vissermanne het tevergeefs die nag geswoeg! Hulle nette was leeg en word uitgespoel. Later daardie dag los hulle die skoon nette en volg Jesus! Wat het gebeur? Hulle iets gehoor, iets gedoen en iets gesien.

Iets gehoor – Simon Petrus se skuit het ’n preekstoel geword! Jesus het in die skuit gaan sit en die mense begin leer. Hulle HOOR hom preek. Hy roep die hoorders tot bekering, om in gehoorsaamheid aan die wet meer te doen as die Skrifgeleerdes en Fariseërs – liefde moes voorop staan (Matt. 5:20). Hy eis ’n keuse vir of teen die Seun. Jy kan nie die Vader aanbid en die Seun verwerp nie (Joh. 12:48-49). Hoor jy die Seun in sy Woord praat?

Iets gedoen – Ná sy lering gee Hy opdrag: “... gooi julle nette uit en vang!” Petrus sê: “... op u woord sal ek.” Die gesagvolle woord van Jesus, die Seun van God, het hulle verstom. Daarom DOEN Petrus en sy visserman vriende wat Hy sê. Gehoorsaam jy die gesagvolle opdragte van jou Here?

Iets gesien – Hulle SIEN ’n wonderwerk! Soveel visse dat die nette wou skeur en die skuite wou sink. Die ander moes kom help. Gehoorsaamheid aan die Seun van God lei daartoe. Sien jy God se handewerk raak?

Oopgevelek voor die heilige Here staan ons. Petrus besef sy sondeskuld. “Gaan weg van my af, Here ...” Maar Jesus gaan nie weg nie, hy roep nader. Moenie bang wees nie, Ek sal jou ’n visser van mense maak. Wie hoor, doen en sien, ervaar ’n nuwe uitdaging. Volg Jesus! Sy beloftes word waar. Mense word gered.

Wat hoor en doen en sien jy in jou ontmoeting met Jesus? Hy praat deur sy Woord en Gees, gee opdragte en toon steeds sy gesag. Volg Hom! Dan sal jy die seën in sy Koninkryk ervaar.

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Dr. WC Opperman (Windhoek-Suid)